Donker onweerswolke beweeg oor die Suid-Afrikaanse ekonomie

Deur Daniel R Wessels

Desember 2015

Die politieke gebeure van die eerste twee weke in Desember het glad nie goeie nuus vir Suid-Afrikaanse beleggers ingehou nie. Suid-Afrika beleef ’n volslae ekonomiese en politieke leierskapkrisis, maar anders as vorige krisisse die afgelope paar dekades kan die skuld hiervoor nie voor die deur van die Ooste of die Weste gelê word nie. Hierdie is tuisgemaakte probleem, en meer spesifiek as gevolg van die ondeurdagte en irrasionele optrede van ons president. Dit gaan nie net soseer oor die korttermyn impak daarvan op markopbrengste nie - dit is sleg genoeg, ja, maar veel eerder hoe dit die langer-termyn lewenskragtigheid en die groeipotensiaal van die ekonomie sal raak. Dit wil sê, of die arbeid en kapitaal wat jy vandag investeer om ’n beter toekoms vir jouself en kinders te skep, as’t ware in die niet gaan verdwyn.

In die meer as tien jaar wat ek op publieke forums doenig is, het ek nog altyd my daarvan weerhou om enigsins my politieke opinies met lesers te deel – enersyds omdat lesers my objektiewe finansiële insigte wil lees, en nie weens of ten spyte van my politieke sienings nie, en, andersyds, ek het waarskynlik nie die nodige insigte om gebalanseerde debatte oor politieke onderwerpe aan te voer nie.

Tot dusver kon ek redelik maklik die politieke diskoers vermy en fokus op beleggingsaktiwiteite en –advies. Ek het gevoel dat die langtermyn vooruitsigte van Suid-Afrikaanse beleggers nog nie noemenswaardig deur die politiek van

die dag gekortwiek is nie. Ja, ons moes al ’n hele klompie politieke dwaashede en vergrype sluk, ons moes teësinnig toekyk hoe skaars en kosbare staatshulpbronne listig verkwis of gekorrupteer word. Tog, ek kon na my aanvanklike opgewerkte emosies bedaar het, my vertroos in die wete dat ons ’n min of meer onafhanklike, werkende regstelsel en ’n Grondwet het wat ons individuele vryhede en regte beskerm. Ek kon my beroep op ’n verantwoordelike Tesourie wat die fiskus relatief goed bestuur, hoewel krake in die bestuur van staatsfinansies in die onlangse verlede begin wys het.

Nietemin, buitelandse beleggers en kredietgraderingsagentskappe het min of meer vertroue in die bestuur van ons land se geldsake geopenbaar en tot bykans 40% van ons staatskuld gefinansier. Laasgenoemde vertroue is meetbaar omdat ons langtermyn staatseffektekoerse nie enige noemenswaardige risiko-premie verdiskonteer het nie. Kortom, ek kon ten spyte van die stortvloed van negatiewe nuus nog altyd ’n oorwegend positiewe beleggingshouding teenoor die toekoms van die land inneem.

Dit was tot Woensdagaand, 9 April 2015, waar Pres. Zuma die skokaankondiging oor die afdanking van die Minister van Finansies, gemaak het. Ek beskou hierdie oomblik as ’n waterskeiding hoe beleggers oor die toekoms van die land dink en gaan optree. Maar dit is ook ’n waterskeiding oomblik in terme van hoe ver ons as landsburgers politici in die toekoms gaan toelaat om met die land se ekonomiese voorspoed te dobbel – dalk is nie alles wat hierna gebeur het net nadelig nie, daar mag uiteindelik ook ’n positiewe verskuiwing in politieke leierskap en verantwoordbaarheid na vore tree.

Terug by die debakel van Woensdagaand - tot op daardie stadium het die politieke doen en late van Zuma en sy trawante nie regtig te veel afbreuk aan die status en kredietwaardigheid van Suid-Afrika by buitelandse beleggers gemaak nie, maar hierdie keer was dit bepaald anders. Die markte het hewig gereageer in hul afkeuring van hierdie ondeurdagte besluit; Zuma het die "ongeskrewe" spelreëls van geloofwaardigheid en vertroue in fiskale dissipline oortree.

Dit was immers een van Pres. Bill Clinton se raadgewers wat tydens sy presidentskap aangevoer het die kapitaalmark is die magtigste krag in die wêreld (Clinton se slagspreuk in sy destydse veldtog was "it's the economy, stupid")[1]. Byvoorbeeld, jou land kan dalk militêr die sterkste wees in die wêreld, maar as beleggers nie hou van jou ekonomiese en fiskale beleid en dissipline nie, en geloofwaardigheid verloor oor die erns waarmee die land met sy geldsake omgaan, gaan hul jou genadeloos straf en jy gaan uiteindelik die aftog blaas. Alles in die ekonomie draai uiteindelik om geld en die koste daarvan, of jy daarvan hou of nie, dit is die harde werklikheid.

Na die skokaankondiging het die rand dramaties tot rekordlaagtepunte teenoor die vername geldeenhede verswak, aandeelpryse van maatskappye wat hul verdienste hoofsaaklik in Suid-Afrika verdien, soos finansiële instellings, eiendomsfondse en kleinhandelaars, het skouspelagtig getuimel, en

[1] "I used to think if there was reincarnation, I wanted to come back as the president or the pope or a .4 baseball hitter – but now I want to come back as the bond market. You can intimidate everybody." James Carville, campaign manager for Bill Clinton.

effektekoerse – die rentekoerse waarteen die staat, publieke sektor en privaatsektor geld op die kapitaalmarkte kan leen – het vinnig opwaarts gebeur.

Teen Vrydag, twee dae later, het dit duidelik geword dat Suid-Afrika op ’n grootskaalse finansiële ramp afstuur en moes die president druipstert oor die naweek weer ’n nuwe (vorige) Minister van Finansies in die persoon van Pravin Gordhan aanstel (ek dink nie Zuma het noodwendig uit vrye wil bes gegee nie, ook nie dat Pravin goedsmoeds ’n aanstelling van Zuma sou aanvaar nie, maar dit daar gelaat). Alles nou doodreg en weer “sake” soos voorheen?

Nee, ek dink nie so nie. Hierdie gebeure het ondubbelsinnig bewys Zuma is nie ’n presidentskap waardig nie. Hy verstaan nie die spelreëls van die internasionale ekonomie nie. Zuma het ou, uitgediende, gebrekkige, en verwronge begrippe van hoe die wêreldekonomie werk, hy verstaan nie “vraag en aanbod” nie, eerder dat die prys van ’n kommoditeit gebaseer moet wees op die koste van arbeid om daardie kommoditeit te vervaardig![2]

Die skade wat Zuma en sy getroue bondgenote aangerig het en nog kan aanrig is eenvoudig net te groot prys vir die land om te betaal. Dit gaan nie hier meer oor politiek nie, maar letterlik oor die voortbestaan van hierdie land as ’n min of meer gerekende ekonomie; ’n plek waar jy vir jou lewensideale kan koester, vir aftrede kan beplan, kinders ordentlik kan voorberei op hul volwasse lewens en les bes kan leef en aftree met geld wat wel nog betekenisvolle koopkrag het.

[2] Lees meer oor Zuma se wêreldsiening by die volgende skakel:

http://www.biznews.com/leadership/2015/12/11/full-speech-zuma-addresses-business-community-after-sacking-nene/

Die bal is nou pertinent in die hande van die regerende party hoe hul die land gaan wegswaai van die piesangrepubliek waarheen ons vinnig op pad is.[3] Hoe ons vorentoe beoordeel gaan word, en hoe ons kollektiewe toekoms gaan verloop, hang nou vierkantig af van hoe die regerende party die krisis gaan besleg. Hul aksies sal met ’n vergrootglas besigtig word en ’n opdraande stryd lê voor om ons geloofwaardigheid en vertroue by internasionale beleggers terug te wen. Dan sal die land se inwoners moet saamstaan (die sosiale media is ’n kragtige stem) om die ongewenste elemente in die regering wat primêr daarop uit is om hulself (of minstens hul politieke party) te verryk, spoedig uit te werk.

Intussen, wat moet ’n mens met jou hardverdiende spaargeld en beleggings maak? Alles wat jy het, omskakel na ’n meer stabiele geldeenheid en ekonomie, veral teen huidige swak wisselkoerse? Ek is bevrees ek (eintlik niemand nie) het nie antwoorde op sulke vrae nie – primêr sal jy gelei word deur jou eie wêreldsiening en natuurlik moet jyself verantwoordelikheid vir sulke drastiese aksies kan neem.

Laat ek dit duidelik stel, niemand weet hoe die toekoms gaan uitspeel nie, een persoon mag glo dat verdere verdriet en skade onafwendbaar is, terwyl ’n ander mag glo of hoop die land sal homself regruk, die regte leierskorps identifiseer en die ekonomie op ’n volhoubare groeibaan sal plaas. Albei persone het ’n kans om

[3] “If anyone does not think SA is a banana republic, they can’t be helped” Julius Malema, EFF leier (en bobaas vermaaklikheidster)

reg te wees, so ’n bepaalde strategie kan nie as absoluut reg of verkeerd op hierdie stadium beskou word nie.

Ek glo wel ons land het die menslike hulpbronkapitaal om suksesvol te wees, miskien nie toegerus met die nodige vaardighede om op die boonste punt van ekonomiese ontwikkeling te kan funksioneer nie, maar wel met die nodige ywer, gesindheid en toegewydheid. Dan glo ek daar bestaan wel ’n redelike mate van samehorigheid en nasietrots oor kleurgrense heen. ’n Mens hoef net ’n groot sportgebeurtenis by te woon om die diepe nasietrosts te aanskou (die afgelope sewes rugbytoernooi in die Kaapstad stadium is ’n goeie voorbeeld – die enigste ligpunt in ’n andersins donker week). Verder, ek dink ook nie ons is tevrede daarmee om as verloorders geklassifiseer te word nie. Weereens, kyk net na die oorreaksie wanneer ’n nasionale sportspan sleg tweede kom – ons aanvaar eenvoudig nie om boedel oor te gee nie. Kortom, ek dink nie ons is soos skaaplammers wat ewe gedwee ter slagting gelei gaan word nie – miskien het Zuma geglo hy het die mag en volk in sy hand en kan hy situasies plooi soos dit sy belange pas, maar het hy hom nie misreken nie! Wie wil volgende probeer?

Dit was nog altyd rasioneel om redelike gedeelte van jou beleggingsportefeulje (30%) in buitelandse markte en geldeenhede te belê. Trouens, die meeste standaard beleggingsportefeuljes in Suid-Afrika het hierdie tipe verskansing. Verder is die plaaslike aandeelbeurs redelik geïnternasionaliseer deurdat die oorgrote gewig van die markkapitalisasie van genoteerde maatskappye hul verdienstes hoofsaaklik in die buiteland verdien. Dit is egter maatskappye soos finansiële instellings en kleinhandelaars wat redelik blootgestel is aan die wel en wee van die plaaslike ekonomie. Maar aan die anderkant, hierdie tipe instellings

is by uitstek geskik en gewoond daaraan om in ’n “risiko-omgewing” te opereer, en het dalk nie soveel mededinging soos dit sou gehad het in ’n andersins stabieler ekonomiese omgewing nie, dus die moontlikheid van hoër winsgrense kompenseer tot ’n mate hiervoor. Nietemin, die aanwesigheid van “randverskansers” op die plaaslike aandelebeurs red tot ’n mate beleggers se bas in die tydperk waarin die rand onder druk verkeer.

Beleggers in langer-termyn staatseffekte (of enige effek waarvan die prys gebaseer word op staatseffekte) moet egter katvoet loop. Indien die situasie nie in die afsienbare toekoms beredder gaan word nie en die land ’n rommelstatus kredietgradering sou kry, kan internasionale beleggers op groot skaal hul effekte afverkoop en koerse sal verder styg (pryse daal). Dan is ons om dit sagkens te stel in tamatiestraat.

Dus, as jy jouself bevind in die kamp wat glo (of hoop) dat Suid-Afrika uiteindelik gaan “werk”, is daar volgens my nie noodwendig drastiese aanpassings in jou beleggingstrategie nodig nie, maar as landsburgers sal ons meer aktief betrokke moet raak, al is dit net die gebruik van sosiale media om onreëlmatighede aan die kaak te stel. Magsbehepte politici kan nooit weer goedsmoeds vertrou word dat hul na die belange van landsburgers sal omsien nie.

By nabetragting is ’n positiewe uitvloeisel van die reeks gebeure van die afgelope week dat ’n duidelike streep nou in die sand getrek is. Zuma en kie se ongebreidelde plundering en minagting van die staatskas is kortgeknip. Die tyd vir selfsug, gierigheid en bevordering van eiebelange met publieke fondse is verby. Die aanstelling van die “sterkman” Pravin Gordhan bevestig dit. Die koning is “dood”, lank lewe die “nuwe orde”.